BYBELSTUDIE OPENBARING LES 24.

Die visioene van die trompette beskryf in beeldryke taal [wat sterk herinner aan die tien plae in Egipte in Eksodus 7-10] hoedat chaos heers in die skepping gedurende die eindtyd. Nou word nie net 'n kwart nie, maar 'n derde van die wêreld met God se oordele getref. Maar die genade? Nie alles word vernietig nie. Ons verneem van hael en vuur wat met bloed vermeng is wat die land tref [8:7]. Ook die see word getref en verander dan in bloed [8:8-9]. Ook die vars water word bitter volgens 8:10-11. Die benaming Bitterals vir hierdie natuurramp impliseer dat swaarkry deur almal geproe word as deel van God se straf. Met die vierde trompet in 8:12 vind 'n kosmiese verduistering plaas.
In Les 24 behandel ons die vyfde trompet. Met die blaas van hierdie trompet [9:1-12] val 'n ster op die aarde. Dit is 'n hemelse wese [Satan] wat 'n sleutel ontvang na 'n bodemlose put of onderwêreld. Die onderwêreld is die woonplek van bose magte. Bose magte stroom die wêreld in. 'n "Godsverduistering" vind plaas as bose sprinkane op die toneel verskyn. Vir vyf maande [simboliese tyd wat 'n gedeelte is van 42 maande of 1260 dae] oefen hulle hul mag uit. Hulle teiken is nie-gelowiges, oftewel diegene wat nie die merk van God op hulle voorkoppe het waarmee die engel van God alle volgelinge van die Lam aan die begin van die eindtyd gemerk het nie [7:3-4; 14:1]. Hierdie sprinkane simboliseer sataniese wesens. Vandaar dat hulle ook met skerpioene vergelyk word [Luk.10:19; 11:12]. Ook hoor ons in Openbaring 9:7-10 hulle is oorlogswesens. Johannes se opstapeling van beelde wat hulle boosheid en oorlogsugtigheid uitbeeld, beklemtoon dit. Boonop is hulle sataniese aanvoerder Abbadon [Hebreeus] of Appalion [Grieks] wat beteken "vernietiger" [11].

BYBELSTUDIE OPENBARING 8:13-9:12.

1. LEES: Openbaring 8:13; Habakuk 1:8; Openbaring 7:2-3; Die Bybel in Praktyk p2005; Jesaja 5:8-9 1953 vertaling; Amos 6:1-2 1953 vertaling.
   Openbaring 8:13 dien as inleiding op hoofstuk 9 en verder. Ons lees van 'n arend wat uitroep en van die bewoners van die aarde. Hoe sou u hierdie vers verklaar?

2. LEES: Openbaring 9:1; Lukas 10:18; Matteus 16:19; Openbaring 1:17-18.
   Johannes sien 'n ster wat uit die hemel op die aarde val. Wie is hierdie ster en wat beteken dit dat die sleutel van die onderaardse dieptes aan hom gegee is?

3. LEES: Openbaring 9:2.
   Met die oopsluit van die onderaardse diepte, het daar rook uit die skag [afgrond 1953 vertaling] opgestyg wat die son verduister het en die lug donker gemaak het. Let op hoë lig en donker teenoor mekaar afgespeel word. Indien die donkerte [rook] die duiwel se werk simboliseer en die lig God se kant verduidelik, hoe sal u hierdie vers verklaar?

4. LEES: Openbaring 9:3; Eksodus 10:14; Joël 1:4; 1Konings 8:37; Psalm 105:34; Amos 7:1.
   Die gesig wat Johannes sien verander in vers 3. Aanvanklik lyk die donker wolk soos digte rook. Maar nou sien Johannes sprinkane. Waarvan is hierdie sprinkane 'n beeld?

5. LEES: Openbaring 9:4-6.
   In vers 3 het ons gesien dat die mag van satan en die demone beperk is. In vers 4-6 word hulle beperkte mag uitgebeeld. Wat mag hulle in hierdie vers doen?

6. LEES: Openbaring 9:5; Lukas 1:24; Openbaring 9:10; Genesis 7:24; 8:3; Openbaring 11:2-3; 12:6.
   Die leeftyd van 'n sprinkaan is vyf maande. Is dit wat hier bedoel word met die vyf maande lank gepynig word of moet ons meer in hierdie vyf maande lees?

7. LEES: Openbaring 9:7-9; Joël 2:1-4; 6-7; 2:4-5.
   Die voorkoms van die sprinkane word nou deur Johannes beskryf. Hoe lyk die sprinkane en wat beteken dit? [Let op die woordjie “soos”].

8. LEES: Openbaring 9:11; 19:20; 20:10,14.
   Die engel van die afgrond se naam word in Hebreeus en in Grieks gegee. Wat beteken die naam en wat leer ons uit die naamgewing?

ANTWOORD.

1. 'n Arend wat hoog in die lug vlieg, gaan waarsku die bewoners van die aarde teen die angswekkende dinge wat nog moet kom. Die uitdrukking “bewoners van die aarde” het in Openbaring 'n negatiewe betekenis. Hulle is die ongelowiges wat vyandig teenoor God is. Die oordeel is juis teen hulle gerig. Die arend is vir almal sigbaar omdat hy so hoog vlieg. Die keuse val hier op die arend omdat die Grieke die arend beskou het as die boodskapper van die gode. Johannes beskryf op sy beurt 'n sterk en kragtige voël wat in die Bybel simbool is van verwoesting [Hab.1:8]. Die arend roep letterlik driemaal [wee] want daar is nog drie trompette wat geblaas moet word. Hierdie arend verduidelik dat die oorblywende trompette erger sal wees as die vier wat verby is.
2. Die vorige ster het gelyk soos 'n berg wat brand. Dit was iets uit die natuur. Hierdie ster is nie iets uit die natuur nie, maar 'n lewende wese. Wie is hy?

Let op hoe die Here sy aankoms op die aarde aankondig:
Die Here sê nie dat die ster op die aarde gegooi is of neergedaal het nie. Die Here sê hy het **geval**. Die woord val word spesifiek gebruik om daarmee te openbaar dat hierdie wese 'n gevalle wese is. Hy het uit sy hoë stand weggeval binne-in die sonde in. Vergelyk hiervoor die woorde van ons Here Jesus:

> Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val [Luk.10:18 1953 vertaling].

Kyk vêrder na die presiese woorde van ons teksvers: Wat **uit** die hemel op die aarde **geval** het.....[vers 1 1953 vertaling]. Baie duidelik openbaar die Here aan Johannes dat die wese nie eie aan die aarde is nie. En sy mag? Hy het uiters beperkte mag. Die Here gee aan die duiwel net die sleutel van die hel. Vir sy kerk gee Hy die sleutels van die koninkryk van die hemele [Matt.16:19]. Maar self hou Jesus Christus die hoogste sleutels: die sleutels van dood en doderyk [Op.1:17-18]. So beheer satan net die onderaardse dieptes. Dit kom sewe keer in Openbaring voor [9:1,2,11; 11:7; 17:8; 20:1,3]. Dit hou verband met die hel.

3. Nadat die ondergrondse dieptes oopgemaak is, het daar rook uit die dieptes opgestyg. Hierdie rookwolk wat alles donker maak, is beeld van alle sonde en ellende. Dit staan teenoor die Lig van God se heerlikheid. Alles wat skoon en ligdraend en liggewend is, word deur die dik donkerheid verpes. Die son simboliseer die lig van God se openbaring en heerlikheid. Dit simboliseer die lig wat in ons binneste opgaan wanneer ons kennis vermeerder van God en van sy Woord. Die sonde [rook] neem al hierdie dinge weg. Hierdie donker magte uit die hel werk om alle vrede en vreugde van ons af weg te neem. Van die duiwel se kant af lyk die saak dan só: Hy wil mense sonde laat doen. Daarvoor laat hy demone uit die onderwêreld los. Van God se kant gesien lyk die saak só: Hy besoek die mensdom met sy straf om hulle tot insig en bekering te bring.
4. Hoe duideliker Johannes na die digte rook kyk, hoe beter onderskei hy in wat hy sien. Uit die rook kom daar sprinkane nader en hy sien dat dit 'n geweldige swerm is. Die beeld beskryf dat die sprinkane so dig word, dat dit die sonlig heeltemal wegskerm [2]. Hulle vul alles en neem alles oor. Hierdie sprinkane is beeld van die hoeveelheid demone wat deur die duiwel ontsluit word. Die beeld is bekend, want die Here gebruik dikwels in die geskiedenis sprinkane om verwoesting te saai. Opvallend: Hulle het geen mag in hulleself nie. Hulle vermoë is aan hulle gegee, deur God [3].
5. Hulle mag al die mense wat nie die seël van God het nie, beskadig maar nie doodmaak nie [6]. Die verseëldes/uitverkorenes moet uitgelos word. Hierdie aanval en pyniging is nie liggaamlike siektes nie. Daarom staan daar in die 1953 vertaling: **soos** skerpioene! Die pyniging is geestelike kwelling. Dit is sielsbenoudheid en angs. Die soort ding kom nie oor die uitverkorenes van die Here nie. Ons besit immers die volle vrede met God [Ns.: die angs en

sielsbenoudheid waarvan die Bybel praat het niks met emosionele angs te doen nie. Dit raak helse angs en benoudheid].

6. Die Bybel praat drie keer van vyf maande [Luk.1:24; Op.9:5,10]. Vyf maande is dieselfde as 150 dae [Gen.7:24; 8:3]. Vergelyk ons vyf maande met ander tye in die Bybel, kom ons af op Openbaring 11:2-3 waar gepraat word van 1260 dae en Openbaring 12:6 waar dieselfde tydperk genoem word, 42 maande. Hierdie tydperk dui in Openbaring die laaste dae aan, dit is die tyd tussen die eerste en die wederkoms van Jesus Christus. So wys die 5 maande op 'n simboliese tydperk. Waar die 1260 dae [of 42 maande] die laaste dae voorstel, vorm die 5 maande net 'n deel van hierdie tydperk. So moet die genade van God wat wil red, daarin gesien word.
7. Die sprinkane is nie perde nie – maar het eienskappe wat ooreenstem met perde waarmee oorlog gemaak word. Dit is perde wat verslaaf is aan veglustigheid – die simbool is dus oorlog.
   Verder het die sprinkane gesigte soos mense. Dit wys ons daarop dat hierdie sprinkane persoonlike wesens is en dus 'n verstand en wil het. Hulle kan dink en beplan en doen.
   Hulle dra lang hare soos vrouens. Hierdie lang [letterlik: verslonsde] hare dui daarop dat die wesens onnatuurlik en weersinwekkend is. Hulle skrik diegene wat hulle sien met afgryse af.
   Die tande van leeus wat hulle het, openbaar dat hulle genadeloos is.
   Die ysterharnasse simboliseer dat hulle nie kwesbaar is nie.
   Die wesens vlieg en het vlerke. Wanneer hulle vlieg maak hulle groot geraas. Die bedoeling van die geraas en die beeld van die baie strydwaens is om aan te toon dat daar baie van hierdie wesens is. Hulle vorm 'n formidabele weermag.
   Op hulle koppe is iets wat soos krone lyk en die materiaal lyk soos goud. Goud is die simbool van oorwinning. Die feit dat hierdie krone lyk soos goud, beteken dat dit nie werklik goud is nie. Hulle is daarom in beginsel nie ware oorwinnaars nie.
8. Ons weet nou dat die wese van vers 11 uit die hel kom. Die feit dat die magte van die hel 'n koning het, bewys dat hulle ook rangordes het. Elkeen van hulle het dus meer of minder gesag, na gelang van sy rang. Bo-aan die rangordes van die hel is hulle koning – die engel van die afgrond. Dus sal elkeen van hulle ook 'n werk hê wat verskil wat verskil van 'n ander een. Hierdie engel se naam word in Hebreeus en in Grieks gegee. Waarom? Om alle moontlike misverstande uit te skakel. Al twee die name beteken presies dieselfde: verderwer of vernietiger. So wil die duiwel alles wat mooi en goed is tot niet maak. Hy rig hom in elke opsig teen die werke van die Here. Die duiwel se hele leër is dus 'n mag van verderf.

****